SA BOERPERD

2013 NUUSBRIEF / *NEWS LETTER* No. 1

*Geagte Boerperd Vriende*

*Voor ons nog ons oë kon uitvee, is ons al deur die eertse kwartaal van 2013 en alles is "business as usual". Ons is nou al klaar met Horse of the Year (KEP), sowel as die WP Streekkampioenskappe (Riversdal) waar al die organiseerders hulle weereens knap van hul take gekwyt het. Ons staan voor die deur van die Swellendam skou, sowel as die Mpumalanga Streekkampioenskappe (Middelburg) en dan…. 'n welverdiende skoolvakansie aan al die skoolgaande SA Boerperd Ruiters, wat so hard werk en al amper halfpad met die jaar se SANESA "qualifiers" is. Dit is werklik 'n riem onder die hart om so baie jong ruiters daar te sien kompeteer op SA Boerperde.*

*The most important issues addressed in this news letter are the inspection processes of stallions and mares / geldings respectively. This is a year of quite a few firsts in our society and the Board is committed to implement and execute the decisions made by its members at the General Annual Meeting of 2012 (Afr.: AJV 2012). As in any organisation where change and renewal takes place, it is never a process without challenges and growing pains. We therefore request your patience and support in this regard.*

*Sterkte met die skoue en keurings wat in die volgende kwartaal voorlê!*

*Groete / Regards*
*Piet Grové*
PRESIDENT
083 301 1633

NUUSBRIEF SAAMGESTEL DEUR / *NEWS LETTER COMPILED BY*
Charles van Schalkwyk (Charles.v.s@vodamail.co.za) & Petro Grové (petrogrove@mweb.co.za)

Stuur asb. alle bydraes vir die volgende nuusbrief aan ons voor 15 Mei 2013
*Please send all contributions for the following news letter to us before 15 May 2013.*

1. **KEURINGS / *INSPECTIONS***

    **1.1Hings-keuring / *Stallion Inspection***
    **1.2Merrie- & reun keurings /*Mare- & gelding inspections***

2. **BEOORDELAARSKURSUS / *JUDGES COURSE***

3. **SA BOERPERD JEUG-AKSIE / *SA BOERPERD YOUTH ACTION***

4. **REKENINGE / *ACCOUNTS***

    **4.1SA Stamboek rekeninge / *SA Studbook Accounts***
    **4.2SA Boerperd rekeninge / *SA Boerperd Accounts***

5. **SKOUREëLS / *SHOWING RULES***

6. **WP STREEKKAMPIOENSKAPPE / *WP REGIONAL CHAMPIONSHIPS – RIVERSDAL***

7. **HORSE OF THE YEAR @ KEP**

`



## 1. KEURINGS / INSPECTIONS:

### 1.1 Sentrale Hings-keuring / Central Stallion Inspection:

Volgens die besluit geneem op die Algemene Jaarvergadering, 2012 – gaan ons hierdie jaar 'n Sentrale Hings-keuring vir die hele land se hingste hê. Die keuring gaan plaasvind vanaf 28 – 30 Mei 2013, te Frankfort Skougronde. Saam met die keuring gaan daar ook 'n "stil veiling" van sommige van die GEKEURDE hingste plaasvind.

Onthou dat die hingste se DNA voor die tyd afgehandel en op datum moet wees.

Indien u hings waarvoor aansoek gedoen is vir hings-keuring intussen reeds gekastreer is en die perd voorgebring word as n reun gedurende die merrie en reun keuring, is dit die lid se verantwoordelikheid om die kantoor betyds in kennis te stel sodat die nodige administratiewe verandering betyds voor die keuring gedoen kan word.

*Stil veiling……mmmmm…….*
*…indien jy in een van die hingste op die keuring wat wel te koop is belang stel, kan jy jou aanbod op 'n bord gaan neerskryf…..indien iemand anders meer as jy offer, skryf hulle weer onder jou naam hulle offer neer, ens…..*

*According to the decision taken by the Annual General Meeting, 2012 – we are going to hold a Central Stallion Inspection for the whole country's colts and stallions. The inspection will take place from 28 – 30 May 2013, at the Frankfort Show Grounds. In conjunction with the inspection, a "silent auction" will be held of some of the APPROVED colts / stallions.*

*Remember that the colts' / stallions' DNA must be completed and up to date before the inspection.*

*If a member decides to castrate a colt / stallion that stallion inspection was already applied for, the gelding will be presented with the mares for inspection. It is the responsibility of the member to notify the office in time, so that the necessary administrative changes can be done before the inspection is date.*

*SILENT AUCTION*
*In case you want to buy some of the newly selected stallions that are up for sale, there will be a board where you can bid on by writing down the amount you offer for the lot. If a next person offers more, he/she will write it down below, etc.*

Vir navrae oor die keurings, kontak / *for queries on the inspection, contact*:
Dirk Odendaal by (045) 971 – 9125.

## 1.2 Merrie en Reun Keurings / Mare and Gelding Inspections:

Die Merrie en Reun keurings gaan soos voorheen plaasvind tydens keuringstoere. Die keurders aangewys per streek is soos volg:

*The Mare and Gelding inspections will continue as in the past via inspection tours. The inspectors appointed per region are as follows:*

| | |
|---|---|
| GAUTENG | M. Burger & W. Bondesio |
| LIMPOPO | C. Jacobs & S. Horn |
| KWA ZULU NATAL | M. Janse van Rensburg & J. Jacobs |
| VRYSTAAT | J. v d Wath & J. Langenhoven |
| KAAP | D .Odendaal & T. Pretorius |
| NOORD KAAP | D. Odendaal & R. Oberholzer. |

Die keurings van die merries en reuns word vir 'n wyle uitgestel omdat meer as die helfte van die perde waarvoor aansoek gedoen is se DNA nie afgehandel is nie. Die kantoor het reeds aan die betrokke lede versoek om dit so gou moontlik af te handel deur self met Unistel in verbinding te tree. Die Raad het Unistel dan ook versoek om dringende aandag aan die saak te gee.

Die keurings toere kan egter nie onverwyld uitgestel word nie en daarom word lede daarop gewys dat indien die DNA nie afgehandel is nie sal die betrokke perde slegs gekeur en gepunt kan word, maar nie gebrand of gesertifiseer nie.

*The inspections for mares and geldings have been postponed for a while, since the DNA for more than half of the horses that inspections have been applied for, has not been completed. The office has already required of members involved that it should be completed as soon as possible by contacting Unistel directly. The Board has also contacted Unistel to request their urgent attention to this matter.*

*The inspection tours however, can't be postponed indefinitely and therefore members are notified that if the DNA is not completed at the time of inspection, the horses with uncompleted DNA's can only be inspected and awarded points, but will not be branded and a certified.*

Indien u enige navrae het, kontak / *for queries, contact*:
Dirk Odendaal by (045) 971 – 9125.

## 2. BEOORDELAARSKURSUS / JUDGES COURSE:

'n Beoordelaarskursus gaan aanbied word op / *A judges course will be held at:*

**11 April 2013**
**Barnyard**
**Ermelo**

Blyplek / *Lodgings* (*First come, first serve*) : Theunis Pretorius, (082) 493 - 7063
Inligting / *Information* : Elize Prinsloo, (051) 410 – 0952

## 3. SA BOERPERD JEUG AKSIE / *SA BOERPERD YOUTH ACTION*:



So stadig maar seker begin die wiele van die SA Boerperd Jeugaksie draai. Ons het heerlike interaksie tussen die Noorde en die Suide gehad tydens die WP Streekkampioenskappe te Riversdal. Die jong klomp het een aand lekker saam hamburgers gebraai by Tielman & Lientjie Roos se huis. Daar het hulle perdry–ondervindings uitgeruil en sommer net lekker gekuier. Daar was ook ondervindings gedeel tussen die tradisionele- en universele ruiters. Baie dankie Anja, René en Olga vir julle organisasie.

Ons Facebook blad **SA Boerperd Jeug Aksie** het tans al 50 lede, waarvan sommige meer jonk van gees as jonk in jare is ☺! Ons wil ons jeug uitnooi om gerus aktief betrokke te wees op die blad! So leer ons mekaar solank lekker oor die lug ken voor ons nog in die vlees ontmoet by die onderskeie klub-skoue.

Ons beplan vir Mpumalanga 'n lekker braai vir Donderdagaand. Lomon Terreblache sal ook 'n bietjie met die jeug kom gesels oor perde-dinge. Laat weet asseblief op **Facebook** wie almal daar gaan wees - ons wil julle graag ontmoet! Dit lyk vir my die enigste lid van die Jeugraad wat daar gaan wees, is Olga. Kyk op die vorige nuusbrief hoe sy lyk, en stel jou gerus aan haar voor om deel te word van die aksie.

Hou gerus ook die korrespondensie op **Facebook** dop om Rita se idees vir Bloemfontein te volg. Sy beplan groot dinge….

*Slowly the wheels of the SA Boerperd Youth Action are starting to roll. We had wonderful inter-action between North and South during the WP Regional Championships recently held in Riversdale. A hamburger barbeque was held at the house of Tielman & Lientjie Roos, where horse-riding adventures were shared. Inter-action between traditional- and universal riders were very positive and informative. Thank you to Anja, René and Olga for organizing the function.*

*We currently have 50 friends on our **Facebook** page **SA Boerperd Youth Action**. Some of the friends are younger in spirit than in the flesh ☺! We would however, like to invite all of out youth the participate actively on this page. This way, we get to know each other over the air even before we actually meet in the flesh at our respective regional championships.*

*For the Mpumalanga Regional Championships, we are planning barbeque for Thursday evernin. Lomon Terreblanche will interact with the youth. Please let us know on **Facebook** who will be attending. It looks like Olga will be the only member of the Youth Committee there, so look in the previous news letter what she looks like and introduce yourself to be part of the action.*

*Also Keep an eye on **Facebook** to see what Rita has planned for the OVS Regional Championships (Bloemfontein)….looks like great fun!*

## 4.1 SA Stamboek rekeninge / *SA Studbook accounts*:

Lede word herinner om asseblief hulle SA Stamboek rekeninge op datum te hou. SA Stamboek gaan geen dienste lewer indien u agterstallig is nie!

*Members are reminded to keep their SA Studbook accounts up to date. SA Studbook will not deliver any services if your account is in arrears.*

## 4.2 SA Boerperd rekeninge / *SA Boerperd accounts*:

Lede word herinner dat ons Telersgenootskap nou op 'n kontant-basis werk. Fakture moet asb. sou gou as moontlik na ontvangs betaal word. Geen dienste sal gelewer word aan lede met uitstaande gelde nie.

*Members are reminded that the Breeders Society is now operating on a cash base. Invoices must be paid as soon as possible after receiving it. No services will be rendered to members with outstanding accounts.*

## 5. SKOU REëLS / *SHOWING RULES*:

Onthou om op datum te bly met ons nuutste skou reëls (2013). Die handleidings en ring prosedures is op die web – blad beskikbaar. Onthou die "bridle paths" mag nie langer as 10cm wees nie, en sterte mag nie verby die agterhoewe hang nie! Die maksimum lengte van die teuel-balk (vanaf die mondstuk tot waar die stangteuel vasheg) is **12 mm.**

*Remember to keep abreast of our show rules (2013). The manuals and ring procedures are available on the web site. Remember that bridle paths may not be longer than 10cm, tails may not be grown longer than the hind hoofs! The maximum length of the cheeck pieces (from the mouthpiece to where the bit rein is attached) is **12mm.***

## 6. WP STREEKKAMPIOENSKAPPE / *WP REGIONAL CHAMPIONSHIPS RIVERSDAL*



*"Niks kon ons Gautengers voorberei op die ondervinding om in Riversdal te gaan skou nie! Weke voor die tyd het ons al uitgevind van paspoorte, roetes, ens. Vir die eerste keer het ons so ver gery met ons perde – hoe moes ons hulle laat eet? Hoeveel keer moes ons stop langs die pad? Hoeveel keer moet hulle water drink….ens., ens.*

*Uiteindelik het ons antwoorde uit baie oorde gekry, maar besluit om net te sorg dat ons perde gehidreer bly en het verder niks aan hulle gewone dieet verander nie. Ons het nog tot reg voor ons vertrek (op 'n Sondagaand), die hele Sondag geskou (SANESA). Daar is besluit om die perde te laat eet, en deur die nag te ry, aangesien dit die perde se gewone eet-roetine die minste sou versteur.*

*So het dit dan ook gebeur en sukses – 16 ure later het ons perde veilig aangekom deur Meiringspoort en Robertsons-pas - en hulle was nie te styf nie. Die ruiters was redelik uitgerus na die lang rit en het geweet ons moes nou met die perde stap en stap…..en…..stap….. dit was al Maandagmiddag!*

*Die Wes-Kapenaars het ons dadelik met hulle hartlikheid oorrompel! Ons is van die begin af op die hande gedra. Ons het heerlik in die berge gebly, is voorsien van ekstra vervoer en het heerlik geëet. Dinsdag kon ons perde 'n bietjie oefen, maar dit was nie al wat vir ons beplan is nie. Matthys kon net nie wag om ons aan die Kaapse delikatessen te gaan voorstel nie. Ons moes opsluit gaan wyn proe – almal: grootmense, ou mense, jong mense, tieners en kinders. Daar was darem ook die pluk van druiwe en die drink van druiwesap vir die jongelinge by betrokke….*



*Toe begin ons uiteindelik skou. Ons moes nogal bontstaan om al ons dinge gedoen te kry in net 10 minute per klas, maar die Kapenaars weet hoe om dinge op tyd te laat verloop en met die beoordelaars het daar niks geskort nie. Die eerste skoudag het ons gesweet van die hitte en die tweede dag was dit bitter koud. So word ons toe almal op 'n ry siek, maar ons dokter maar die pyn weg en doen ons bes. Of die oorsaak van die siektes nou moegheid, die weer, vars lug of wat ook al was, daar was nie nou tyd vir siek wees nie, netnou mis ons iets!*

*Die laaste skoudag, laaste kampioenskap gebeur daar toe 'n ongeluk. Die groot man spring te vinnig uit die blokke om 'n ruiter met 'n gekraakte sleutelbeen te red en ja wrintiewaar, eindig hulle altwee in die hospitaal: die een met 'n gebreekte sleutelbeen en die ander (3 weke later) met 'n geskeurde knieskyf – perdesports……*

*Ten spyte van die verkoues, seer lywe, moegheid, en ander krankhede ry ons swaarmoedig huis toe – ons is nog nie gereed om al weer terug te gaan nie, ons wil nog 'n bietjie bly, nog 'n bietjie kuier, nog 'n bietjie….. alles…..*

*'n Week later lees die ruiters se BBM's: 'ons wens ons kon weer gaan…..'*

*Baie, baie dankie aan almal van die WP klub vir julle hartlike ontvangs, en 'n heerlike skou! Die Hoefstraal span sien uit daarna om julle weer in 2014 in Riversdal te ondersteun!*

## 7. HORSE OF THE YEAR @ KEP

**Heleen Pope**

Vir die afgelope 14 jaar in Februarie maand is altyd vir my 'n hoogtepunt in die SA Boerperd kalender want dan kan ons, spog en trots wees op ons unieke ras en uitmuntende ruiters by die grootste interras skou in die suidelike halfrond. In 1999 het die SA Boerperd vir die eerste keer aan 'n "*Horse of the Year*" skou deelgeneem wat destyds nog te NASREC plaasgevind het. As 'n onbekende ras in die oop skou wêreld, het ons baie fronse en kyke gekry maar toe die SA Boerperd, Calela Bandolier van Loura van der Heever met Jan van Deventer in die saal die Opperste Kampioen Werksperd inpalm het ek die skare om die arena op hulle voete saam met my laat juig. Dit was die begin van die SA Boerperd se sukses by al die daarop volgende "*Horse of the Year*" skoue. Carel Hancke Singita, Opperste Kampioen Ras Hings, Carel Hancke Nobel, 3 keer plasings in die top vyf waar die merrie die hingste in die kompetisie uitgestof het. Vasvat Geduld onder die top 10 reunperde, B 3 Koraal, top 5 Skou ryperd en almal geplaas deur oorsese beoordelaars wat nie geweet het dat daar 'n inheemse ras bestaan in Suid-Afrika nie en nog nooit 'n SA Boerperd gesien het nie. Hierdie jaar was weereens 'n heerlike ervaring met Sue Goodman as beoordelaar vir die SA Boerperd afdeling en ons knap baan beampte Judith MacLeod wat hulle uitstekend van hulle taak gekwyt het op 'n baie warm dag in Gauteng. Daar was 40 perde ingeskryf wat almal pragtig en professioneel vertoon was deur bekwame hanteerders en ruiters.

Die volgende perde en ruiters het ons verteenwoordig op Sondag, 17 Februarie tydens die Opperste Kampioenskappe in verskillende klasse:

Kampioen Hings - Carel Hancke Joe Black - Kylin Stoet - Linda Meintjes

Kampioen Merrie - Carel Hancke Sarita - Carel Hancke Stoet/Lizelle Mitchell

Kampioen Reun - Lang Carel Oscar - Kylin Stoet - Kyla Meintjes

Kampioen Werksperd - Lang Carel Trompie - Ashley Berndt -

Kampioen Werkende Jagperd - Vasvat Geduld - Bridget Haddath

Kampioen Skou Ryperd - Devondale Yahoo - Devondale Stoet - Johan de Klerk

Kampioen Enkeltuig - B3 Koraal - Carel Meintjes

Devondale Yahoo met Johan de Klerk in die saal het 'n 5de plek behaal in die Opperste Kampioen Skou Ryperd uit 22 perde wat beoordeel was deur drie beoordelaars uit Engeland, Kate Jerram, Kath Barley en Richard Miller.

Nog 'n hoogtepunt was dat die SA Boerperd Telersgenootskap 'n pragtige wissel trofee vir die Opperste Kampioen Enkeltuig geskenk het vir *"Horse of the Year"*. Baie dankie aan die Raad vir die mooi gebaar en aan Carel Meintjes, Voorsitter van die Gauteng SA Boerperd Klub wat die trofee vir ons bekom het. Begin solank inspan en oefen vir 2014 want die trofee moet huis toe kom!

Dankie aan al ons deelnemers, Sue Cook en die GHS span vir nog 'n suksesvolle Horse of the Year, ons sien uit na 2014!

